OPSOMMING

‘n Nuwe ekonomiese bestel het ontwikkel wat die Nuwe Ekonomie genoem word en wat ‘n verskuiwing in die fokus vanaf vervaardigde goedere en dienste na ‘n ekonomie wat die klem op kennis en die toepassing daarvan in ‘n spesifieke konteks plaas (Leung, 2002). Verder plaas hierdie ekonomie klem op die opvallendheid van inligting en hoe dit gebruik kan word as ‘n mededingende en kommersiële instrument. Die Nuwe Ekonomie word gekenmerk deur ‘n unieke verbruiker wat daarin funksioneer en die Nuwe Verbruiker genoem word. Hierdie persoon funksioneer as ‘n alomteenwoordige entiteit wat *altyd aan* is aangesien hierdie persoon mobiele toestelle gebruik wat hulle in staat stel om enige plek en enige tyd sake te doen en te kommunikeer. Die Nuwe Verbruiker word gekenmerk deur individualisties, betrokke, onafhanklik en ingelig te wees, maar ly ook aan skaarstes soos tyd, aandag en vertroue. In die lig hiervan het waarde ‘n kernsaak geword waarop alle organisasies klem moet plaas wanneer produkte en dienste aan hierdie verbruiker gelewer word.

Verder het Inligtings- en Kommunikasietegnologieë (IKT’s) ‘n tegnologiese revolusie in die Nuwe Ekonomie teweeg gebring en het die manier verander waarop die verbruiker werk en sake doen. Mobiele toestelle maak ‘n belangrike komponent van die Nuwe Ekonomie uit aangesien dit ook aan organisasies die geleentheid bied om nuwe sakemodelle aan te neem, draadlose tegnologie te gebruik wat mobiele besigheids- (m-besigheid) oplossings moontlik maak. M-besigheid verwys na die koop van inligting, goedere en dienste deur middel van ‘n mobiele toestel (Anon., 2000f) en organisasies wat m-besigheid in die Nuwe Ekonomie aanbied, is in staat om die voordele te bied soos om net die regte inligting, aan net die regte mense, op net die regte tyd te lewer, wat beteken dat gerieflike en verpersoonlikte liggingsgebaseerde inligting aan die persoon gelewer kan word.

Een bedryf wat die m-besigheidsoplossing aangeneem het, as ‘n waardetoegevoegde diens, is die bankwese. Verskillende banke bied die mobiele finansiële oplossing aan verbruikers, wat beteken hulle kan toegang tot hul bankrekenings kry, hul rekenings betaal en oordragte doen deur die mobiele toestel te gebruik. Aangesien baie banke m-banksake ingestel het, as ‘n waardetoegevoegde m-besigheidsaanbieding, is ‘n geloofwaardige bron wat oor die implementering van m-banksake en die bedryfsvereistes wat op die implementeringsproses betrekking het, ontwikkel. Mobey Forum wat die Mobey Forum Witskrif (Anon., 2004p) gepubliseer het brei uit op die implementeringsvereistes van mobiele finansiële dienste, soos klantproposisie, sakeprioriteite, tegniese kwessies en implementeringskwessies. Hierdie studie

fokus op die bedryfsvereistes van m-banksake, soos deur die Mobey Forum Witskrif (Anon., 2004p) uiteengesit is. Absa, ‘n Suid-Afrikaanse bank, is benut as ‘n eenmalige gevallestudie om te bepaal hoe die bedryfsvereistes van mobiele banksake as ‘n waardetoegevoegde m-besigheidsaanbieding deur die bank geïmplementeer word.

Sleutelwoorde: Nuwe Ekonomie, Nuwe Verbruiker, elektroniese besigheid (e-besigheid), mobiele besigheid (m-besigheid), mobiele handel (m-handel), mobiele banksake (m-banksake), waarde, waardetoegevoegde m-besigheidsaanbieding, klantwaardeproposisie, sakeprioriteite, tegniese kwessies, implementeringskwessies,